**SCHEDULE**

Erven 160 and 161, together with the dwelling-house and consulting rooms thereon, situated at 12 East Burger Street, Fauresmith, District of Fauresmith.

G. S. HOFMEYR,
Director: National Monuments Council.

**BYLAE**

Erwe 160 en 161, tesame met die woonhuis en spreekkamers daarop, geleë te Oos-Burgerstraat 12, Fauresmith, distrik Fauresmith.

G. S. HOFMEYR,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

---

**No. 970** **19 May 1989**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

REGISTERING OF WORTHY OF CONSERVATION IMMOVABLE PROPERTY

In terms of section 5 (1) (cC) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby makes an entry in the official register of the immovable property fully described in the Schedule hereto, which the Council regards as worthy of conservation on the ground of its historical, cultural or aesthetic interest.

**SCHEDULE**

Erf 92, together with the Old Parsonage of the Dutch Reformed Church thereon, situated at 66 President Street, Bothaville.

G. S. HOFMEYR,
Director: National Monuments Council.

**No. 970** **19 Mei 1989**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

INSKRYWING VAN BEWARENSWAARDIGE ONROERENDE GOED

Kragtens artikel 5 (1) (cC) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), maak die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby in die amptelike register 'n inskrywing van die onroerende goed in die Bylae hiervan volledig beskryf, wat die Raad as bewarenswaardig ag om die historiese, kulturele of estetiese belang daarvan.

**BYLAE**

Erf 92, tesame met die Ou Pastorie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk daarop, geleë te Presidentstraat 66, Bothaville.

G. S. HOFMEYR,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

---

**No. 973** **19 May 1989**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF A MOVABLE CULTURAL TREASURE.—THE SO-CALLED JAN SMUTS STUDY, AS HOUSED IN THE JAN SMUTS HOUSE AT THE UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG

In terms of section 5 (1) (cD) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby declares the so-called Jan Smuts Study, as housed in the Jan Smuts House at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, as fully described in the Schedule hereto, to be a cultural treasure because of its historical and cultural importance.

**SCHEDULE**

The so-called Jan Smuts Study, consisting of the contents of General Smuts's Study at Doringkloof, including the books, articles of furniture, cartoons, photographs, miscellaneous pamphlets, cuttings and various other objects that are housed in the Jan Smuts House at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, in the care of the Smuts Memorial Trust in terms of the Deed of Trust D.70/58.

An inventory of all objects and a catalogue of all books have geen lodged at the offices of the abovementioned institute and the National Monuments Council at 127 Bree Street, Cape Town.

G. S. HOFMEYER,
Director: National Monuments Council.

**No. 973** **19 Mei 1989**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN 'N ROERENDE KULTUURSKAT.—DIE SOGENAAMDE JAN SMUTS STUDY, SOOS GEHUISVES IN DIE JAN SMUTS HOUSE BY DIE UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND, JOHANNESBURG

Kragtens artikel 5 (1) (cD) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die sogenaamde Jan Smuts Study soos gehuisves in die Jan Smuts House by die Universiteit van Witwatersrand, Johannesburg, soos in die Bylae hiervan volledig beskryf, tot 'n kultuurskat vanweë die historiese en kulturele belang daarvan.

**BYLAE**

Die sogenaamde Jan Smuts Study, bestaande uit die inhoud van generaal Smuts se studeerkamer te Doringkloof, met inbegrip van die boeke, meubelstukke, spotprente, foto's, verskeidenheid pamflette, uitknipsels en verskeie ander voorwerpe wat gehuisves is in die Jan Smuts House by die Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, in die sorg van die Smuts Memorial Trust ingevolge Trustakte D.70/85.

'n Inventaris van alle voorwerpe en 'n katalogus van alle boeke is by die kantore van bogenoemde instituut en Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede te Breestraat 127, Kaapstad, ingedien.

G. S. HOFMEYER,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.